# DIE OOG
## AFTREE LANDGOED




## JOU LEEFSTYL IN DIE NATUUR

WWW.DIEOOG.CO.ZA


DIE OOG
AFTREE LANDGOED














Geniet die geselskap
van jou beste vriend!






# KIES DIE REGTE LEEFSTYL VIR JOU AFTREDE

# Aftrede In Styl





Die Oog Aftree-Landgoed is die eerste van sy soort in die land wat aan sy inwoners 'n permanente, opwindende en bekostigbare familie leefstyl bied.


Die landgoed is geleë by 'n natuurlike mineraalbron, in 'n idilliese omgewing aan die voet van die Waterberge, net buite Naboomspruit in die Limpopo Provinsie, 1uur 30minute se ry vanaf Pretoria.

500 huise is reeds gebou en ons ontwikkel nog 380 – saam met die SAVF, ons trotse ontwikkelaar.

*Met sy natuurlike bosveldomgewing, matige klimaat en wye verskeidenheid fasiliteite is Die Oog Aftree-Landgoed die ideale plek om af te tree.*

**KOOP NOU!**

Die 200ha eiendom sluit in 'n natuurreservaat van meer as 100ha en die ontwikkelingsarea waar 'n verskeidenheid van tipes wooneenhede opgerig word.
Die terapeutiese water van Die Oog, die natuurlike warmbron waarvan die landgoed se naam ontleen is, bly boonop 'n immergewilde aantrekkingskrag.



- *Familie leefstyl*
- *Mediese gemoedsrus*
- *Deeltitel belegging vir kapitaalgroei en verhuringsmoontlikhede*
- *Fokus op aktiewe veroudering met fasiliteite, dienste en ondersteuningsprogramme*
- *Oop- en veilige ruimtes met asemrowende bosveld natuurskoon*

**Die Oog is geskoei op die beginsel van 'n aktiewe leefstyl na aftrede - om nog deeltyds te werk, verder te leer, inkomste te verdien, te sosialiseer, reis, belê in die omgewing en om nuwe uitdagings te aanvaar en sodoende 'n langer, beter kwaliteit lewe te hê.**

## FASILITEITE & DIENSTE


- Restaurant & Wegneemetes
- Warmwaterswembad & Glybaan
- Aquagim in warmwaterswembad
- Interkerk dienste & gebedsgroepe
- Afleweringsdienste van kos
- MAP Bewegingsterapie
- Oog-Appel Samesang
- Ontspanningslokale
- Volkspele & Lyndans
- Klub Vlytige Vroue
- Natuurreservaat
- Mini gholfbaan
- Buitelug skaak
- Strekoefeninge
- Motorwassery
- Pilates klasse
- Jukskeibane
- Tennisbane
- Gimnasium
- Gedenktuin
- Straatbraaie
- Fietsry klub
- Besige bye
- Ribbokaksie
- Biblioteek
- Rummyklub
- Brug Gilde
- Haarsalon
- Voëlklub
- Boogskiet
- Pluimbal
- Karate
- Koor
- VLU

## FAMILIE LEEFSTYL

By Die Oog beleef die inwoners heeljaar 'n familie leefstyl en hulle gaste kan ook van al die fasiliteite gebruik maak. Dit skep 'n omgewing waar kleinkinders daarna uitsien om by oupa en ouma te kom kuier, familiewaardes word hier uitgeleef en ouers kan 'n welverdiende ruskans geniet.

Die boomryke omgewing met groot oop ruimtes, 'n natuurlike warmbron, 'n warmwaterswembad, 'n waterglybaan en 'n mini gholfbaan ("putt putt") is baie gewild. Ander fasiliteite sluit in tennisbane, vlugbalbane, potspeltafels ("pool"), kinder speelareas, wandelroetes, wildritte en 'n teetuin.









SAVF NATIONAL PROVIDING CARE

# GESONDHEIDSORG

Voltydse gekwalifiseerde personeel lewer uitstekende sorg aan meer as 700 inwoners van Die Oog Aftree-Leefstyl. Die bestaande 29-bed gesondheidsorgsentrum bied versorging op vier vlakke van gemoedsrus, met toegang tot omvattende dienste — vandag én in die toekoms.

- **VOORKOMENDE GESONDHEIDSORG EN NOODREAKSIE**

Gereelde besoeke aan die sentrum vir bloeddruk-, bloedsuiker- en ander toetse, asook monitering van inwoners se gesondheid. Medikasie word afgelewer by die sorgsentrum, insluitende chroniese medikasie. Medikasie word ook deur apteke op inwoners se versoek tuis afgelewer.

- **LANGTERMYN VERSWAKTE SORG EN TERMINALE SORG**

Vir eienaars en goedgekeurde persone teen baie billike tariewe.

- **TUISSORG (OP VERSOEK)**

- **BYSTANDSORG (MIDSORG)**

SAVF as ontwikkelaar beplan ‘n gespesialiseerde geheuesorg-sentrum vir ondermeer persone met Alzheimer en Dementia, met ‘n addisionele 60 tweeslaapkamereenhede wat eienaars onafhanklik laat bly, met bystandsorg vanaf die gesondheidsorgsentrum. Dit sluit 'n toekomstige beplande moderne gesondheidsorgsentrum met 127 beddens in.

Hierdie benadering tot gesondheidsorg hetsy fisies, psigies of maatskaplik skep ‘n veiliger, gesonder gemeenskap waar elke persoon die sorg en aandag ontvang wat hulle benodig.

# AKTIEWE GEMEENSKAPSLEWE





Om fisies, intellektueel, geestelik en sosiaal aktief te bly, hou geweldige voordele in, veral vir ouer persone. By Die Oog beoefen inwoners stokperdjies, oefen in die gimnasium en ander fiksheidsklasse soos pilates of water-aerobies, stap gereeld op die uitgestrekte terrein en in die wildskamp, kyk voëls. hou sekere troeteldiere aan (volgens die gedragsreëls)  en nog baie meer.


Hulle is aktief betrokke by die gemeenskap en maak ‘n groot bydrae met vrywillige werk. Vakansietye is die landgoed ‘n miernes van bedrywighede soos wat familie en vriende kom kuier en almal die vakansie-oord fasiliteite geniet. Kultuur bly ook nie agter nie. Daar is alles van kore, toneelopvoerings, kunsuitstallings, poësie-aande en nog baie meer.





# VERSKILLENDE BEHUISINGS OPSIES

# Kies jou Leefstyl






**KOOP NOU!**

Elke fase het 'n unieke styl, voorkoms en afwerkings met 'n deurlopende tema van soortgelyke kleurskemas, ontwerpbeginsels en minimum standaarde.
'n Verskeidenheid van planne is beskikbaar met oopplan-leefareas en -kombuis en ruim stoepe waarna buite geleef kan word. Daar is 'n keuse van 'n enkel- of dubbel-motorhuis wat in die huis oopmaak, of geen motorhuis nie met 'n motor-afdak.
Met bekostigbare huise en 'n sterk verhuringsmark, is Die Oog die ideale belegging. Enige persoon kan 'n eenheid koop of verhuur vir 'n goeie opbrengs. Inwoners moet net bo die ouderdom van 50 jaar oud wees.

Daar is iets vir elke smaak en begroting - vanaf enkel slaapkamereenhede tot die luukse ruim eenhede waar sommige huise groter as 300m² is. Die gemiddelde grootte eenhede is 180m².



# WAT DEELTITEL VIR JOU FINANSIES BETEKEN





Jou aftree-huis is een van die belangrikste beleggings wat enigeen kan maak. Dit is meer as ‘n dak oor jou kop - dit kan jou rande rek tot jou oudag en as vangnet dien in ‘n noodgeval.

Die Oog Aftree-Landgoed is ‘n deeltitelskema, wat jou eienaarskap van jou eeinheid gee, asook mede-eienaarskap in die volle 200ha eiendom met al die gedeelde fasiliteite daarop Jy kan die huis verkoop vir ‘n wins, verhuur of bemaak aan wie jy wil. Slegs 3% van die verkoopprys word aan die Beheerliggaam betaal om die stabiliseringsfonds te versterk by verkoop van die eiendom.

Vooruitdenkende mense koop vir hulle eenhede by Die Oog, verhuur die huis uit en besluit self wanneer hulle self in die huis wil intrek. Intussen groei die eiendom in waarde.



# VERSKILLENDE PLANNE VOLGENS JOU BEHOEFTE

By Die Oog Aftree-Landgoed koop jy ‘n reg tot uitbreiding van die Ontwikkelaar wat soortgelyk is aan ‘n erf waar ons vir jou ‘n huis bou volgens jou keuse van plan en afwerkings. Wanneer die huis voltooi is, word dit geregistreer in die deeltitelskema en die “reg tot uitbreiding” verval. Jou private gebruiksarea is die area wat deur jou tuinmure afgeskerm word.

Motorhuise kan op deeltitel gekoop word vir die opstel van bv. ‘n werkswinkel, of die stoor van u karavaan of 4×4 voertuig. Kontak ons vir meer inligting.

Die Oog Aftree-Landgoed bied ‘n verskeidenheid van tipes wooneenhede om in elke behoefte te voorsien. Tans is daar die volgende eenhede beskikbaar:

## FASE 6 - Midsorgeenhede


60 nuwe een en tweesslaapkamer-eenhede is tans in ontwikkeling om eienaars onafhanklik te laat leef, met volledige bystandsorg beskikbaar by die beplande gesondheidsorgsentrum.

## FASE 10 - Eksklusiewe huise in die natuurreservaat


’n Luukse fase met ruimer huise, pragtige uitsigte, uitstekende ligging en volop privaatheid. Die huise word aangepas volgens jou unieke behoeftes, met verskeie planne beskikbaar om jou leefstyl en voorkeure te weerspieël.


## FASE 12 - Moderne huise in boomryke area

Hierdie fase bestaan uit die gewildste grootte eenhede op Die Oog Aftree-Landgoed. Verskeidenheid van 2-3 slaapkamer planne, 2 badkamers, ‘n oopplan leef area, kombuis en ’n stoep area met 'n ingeboude braai.












Sedert die ontstaan van Die Oog Aftree-Landgoed in 2009 het eienaars van 500 deeltitel eiendomme hulself tuis gemaak in die Bosveld. Die eienaars beleef hierdie seisoen van hul lewe in 'n gemeenskap en omgewing van vryheid, geluk, veiligheid en vrede. Nuwe vriendskappe word gevorm deur 'n band van broeder- en susterskap wat gebaseer is op sterk Christelike waardes.

Nuwe uitbreidings word in fases ontwikkel van ongeveer 30 eenhede per fase. Wanneer al die fases voltooi is sal die ontwikkeling bestaan uit 'n totaal van 900 wooneenhede en sal ongeveer 1500 inwoners die leefstyl van die Aftree-Landgoed geniet.

SAVF NATIONAL PROVIDING CARE

# DIE OOG AFTREE-LANDGOED ONTWIKKELING




Nuwe Fases







# WAARDE VIR GELD HEFFINGS

*Die Oog se allesomvattende heffing is van die beste waarde vir geld in die aftree-oord mark. Sommige oorde se heffings is laer, maar dan moet die eienaars nog baie ander kostes self betaal.*



## BY DIE OOG SLUIT DIE HEFFING DIE VOLGENDE IN VIR INWONERS EN HULLE KUIERGASTE, WAAR VAN TOEPASSING:

- **Voorkomende gesondheidsorg en noodreaksie vir mediese noodgevalle op die terrein, met voltydse personeel;**
- **Sekuriteit en toegangsbeheer;**
- **Weeklikse tuindienste;**
- **Weeklikse skoonmaakdienste binne die huis;**
- **Weeklikse vullisverwydering;**
- **Onderhoud van die gemeenskaplike geboue en buitekant van huise, insluitende dakke, verfwerk en terrein;**
- **Gebruik van die warmwaterswembad, glybaan ("super tube"), tennisbane en putt-putt;**
- **Gebruik van die hoofgebou, teetuin, restaurant, dameskroeg en grootskerm-TV;**
- **Biblioteek en gimnasium;**
- **Toegang tot die skoonheidspa en haarkapper;**
- **Toegang tot wasgoeddienste;**
- **Gebruik van die wildskamp;**
- **Versekering op die geboue, beide die woning en gedeelde fasiliteite (nie huisinhoud nie).**

*Inwoners betaal self vir waterverbruik, elektrisiteitsverbruik op 'n voorafbetaalde meterstelsel, asook eiendomsbelasting. Alle nuwe eenhede word met solar ontwerp om beurtkrag aan te spreek.*

# WAT DIE INWONERS SÊ



## Nandes en Hanria Erasmus

Ons het hier gekoop aangesien die Bosveld atmosfeer en aktiewe leefstyl veroudering ons oog gevang het. Ons geniet die verskillende aktiwiteite wat aangebied word asook die mooi natuur! Die mense se omgee vir mekaar maak Die Oog verder spesiaal. Ons wil nêrens anders woon nie.



## Truter en Connie de Villiers

Pensioen . . . Uiteindelik. Oktober 2019 begin ons aftrede by Die OOG Aftree Landgoed. Hoekom Die Oog? Met ons eerste besoek 2016 voel ons "tuis". Die plek praat met ons. Dís waar ons wil aftree! Fase 9 (L huise) steel ons harte. Ons kies ons erf uit en sien hoe die Njalas, Bosbokkies, gebande meerkatjies, tarentale en fisante voor die huis verby dwaal. Hier is voëls vir Afrika.



## Theuns en Annetjie Linnenkamp

Die Oog Aftree-Landgoed "Ons aardse eindbestemming". Na jare se bekendheid van 'n beroep in 'n gevestigde gemeenskap, moes ons wortels uittrek om na 'n kleiner, nuwe omgewing te verhuis. Om 'n klein paradys in die Bosveld te ontdek, was werklik die groot Meester se "bederfplan" met ons. Die Oog is meer as net 'n blyplek, dis 'n omgee-plek, hartsplek tussen- en om jou soort mense -'n belewenis van pure plesier.

## Gert en Martie Buys



Die "waar en wanneer" van aftrede het 12 jaar gelede die middelpunt van ons gesprekke geword en ons het begin uitkyk vir 'n bekostigbare, veilige plek waar ons naby die natuur kan leef. Die Oog het 'n opsie geword want die ontwikkeling het in ons smaak geval - weg van die stad se gejaag en remoer met pragtige bome, 'n wildskamp, 'n swembad en besondere gerusstellende naggeluide.
Ons het wonderlik vinnig aangepas en ons grootste uitdaging is om soggens ons dagprogram saam te stel.

Daar is jukskei, pilates-oefeninge, voëlkyk, swem, lyndanse, volkspele, Bybelstudie, koorsang, brug en skaakspel om van te kies. Ongeag bogenoemde moet ons nog tydjies afknyp vir kamp, rondry, inkopies en familiebesoeke in Suid-Afrika en oorsee - asook om genoeg rus in te kry en betyds te wees vir ons heerlike middagetes.
Ons geestelike groei hier in die natuur is noemenswaardig en ons toekoms is geen bekommernis nie want ons wakker trustees, goedtoegeruste versorgingseenheid en al die bekwame personeel neem die verantwoordelikheid om ons aftrede aangenaam te maak.
Die Oog is vir ons 'n "leef en laat leef" plek waar mens, dier en natuur uit genade saam onder die liefdevolle beskerming van ons Skepper en Saligmaker leef.



## Johan en Wendy Engelbrecht

Dit is die maand Februarie 2016, ek en vroulief geniet die dag ín die warmwater swembad te Rhemardo en gesels oor ons aftrede oor 2 jaar. Waar wil jy eendag aftree vra ek haar? Spontaan antwoord Wendy, net hier oorkant. Hoekom vra ek? Dit lyk na so 'n lekker plek om te woon.
Op al my argumente hoekom ons nie so ver van die stad kan woon nie is sy reg met antwoorde.
Nee die dokter is nie te vêr, en hier is mos 'n dokter in die dorp en 'n bobaas sorgsentrum.
Nee die die winkels is nie te vêr. Ja dit is baie veilig, en wat van die mense?Sulke lekker warm Afrikaanse mense wat vriendelik is. Johan hier wil ek bly. Nou bly ons al 6 jaar hier en verruil hierdie warm, vriendelike plek vir niks in die hele wye wêreld.

## Albert en Ria van der Linde




Waarom het ons Die Oog gekies?
Ons het baie ander aftreeoorde besoek en oorweeg, maar nie een kon ten volle met Die Oog kompeteer nie wat betref die talle sosiale, sport, en kulturele aktiwiteite om by betrokke te raak.
Besoekers gee dadelik komplimente oor die baie mooi omgewing en natuurskoon.
Bekostigbaarheid en die besondere uitnodigende interaksie tussen die inwoners het die deurslag vir ons keuse gegee.

# DIE ONTWIKKELAARS

SAVF, met meer as 'n eeu se ondervinding in bejaardeversorging, is die trotse ontwikkelaar van die nuwe sorgfasiliteite en aftree-eenhede by Die Oog Aftree-Leefstyl. Dit sluit 380 nuwe leefeenhede, 'n moderne 127-bed gesondheidsorgsentrum en 60 midsorgeenhede in – alles ontwerp om die versorgingsbehoeftes van inwoners met sensitiwiteit en professionaliteit te hanteer, insluitend sorg vir Demensie en Alzheimer.

SAVF bring 'n ryk nalatenskap van versorging, professionele verpleegkundigheid, voedsame etes en veilige akkommodasie na Die Oog. Hierdie samewerking verseker dat inwoners toegang het tot 'n ondersteunende en waardige leefomgewing waarin hulle met gemoedsrus kan leef.

SAVF erken die unieke waarde van elke individu – daarom beplan ons 'n veilige en betroubare omgewing waar geliefdes met sorg en respek versorg word.

Saam bou Die Oog en SAVF 'n toekoms waar omgee en kwaliteit versorging deel is van elke dag.

SAVF NATIONAL PROVIDING CARE

*Die ontwikkelaars van Die Oog Aftree-Landgoed het daarin geslaag om 'n baanbreker projek daar te stel wat die voorloper in aktiewe veroudering in Suid-Afrika is.*
*Ons bied waarde vir geld en daar word aan al die leefstylbehoeftes van die inwoners voldoen.*

DIE OOG
AFTREE LANDGOED












N
HOOF INGANG
HOOF KOMPLEKS
NUWE RINGPAD
NUWE RINGPAD
PAD 0639 (R520)
TOEKOMSTIGE NUWE HEKHUIS
PAD NA MOOKGOPHONG
TOEKOMSTIGE FASE
FASE 3
FASE 4
FASE 2
FASE 1
FASE 1
DAM
FASE 7
FASE 5
GROEN SONE
FASE 8
NUWE FASE 6 MIDSORG
TOEKOMSTIGE GEHEUESORG & SORGFASILITEIT
TOEKOMSTIGE VERBINDINGS PAD
OPENBARE RUIMTE
TOEKOMSTIGE FASE 12
TOEKOMSTIGE FASE
TOEKOMSTIGE FASE
GROEN SONE
FASE 9
DAM
NUWE FASE 10
TOEKOMSTIGE FASE
OPENBARE RUIMTE
WILDRESERVAAT
WILDRESERVAAT
TOEKOMSTIGE FASE
SAVF
NATIONAL
PROVIDING CARE
ONTWIKKELAAR
DIE OOG, MINERAL BATHS ROAD, MOOKGOPHONG,
NABOOMSPRUIT, LIMPOPO, SUID-AFRIKA
DIE OOG
AFTREE LANDGOED

# DIE OOG
## AFTREE LANDGOED

- *Familie leefstyl*
- *Mediese gemoedsrus*
- *Deeltitel belegging vir kapitaalgroei en verhuringsmoontlikhede*
- *Fokus op aktiewe veroudering met fasiliteite, dienste en ondersteuningsprogramme*
- *Oop- en veilige ruimtes met asemrowende bosveld natuurskoon*

Met sy natuurlike bosveldomgewing, matige klimaat en wye verskeidenheid fasiliteite is Die Oog Aftree-Landgoed die ideale plek om af te tree.

www.dieoog.co.za

SAVF NATIONAL PROVIDING CARE

www.savf.co.za

